

23 Julie Filippense 1:27-2:18, (Teks: 2:12,13)

Dink aan jou verlossing. Leef as verlost!

Daarom... werk julle eie heil uit met vrees en bewing!

Daarom - omdat die gelowige in Christus verlos is. Omdat hy nie meer kneg van die Satan en die sonde is nie. Omdat hy kind van God is deur sy ontferming. Merk u op waaroor dit in die eerste plek vir ons gaan? Ons kan nie van geloofslewe praat as ons van die genade van God vergeet nie.

Ons moet aan Christus dink! Hy word gestuur, Hy moet Homself verneder. Hy moet in ons plek die straf dra. Dit eis van God se geregtigheid. En meer - Hy moet die dood oorwin. Hy moet vir ons die lewe verwerf en dit aan ons gee! Dit is verlossing: Om vry van die sonde in Christus te kan lewe!

Die nuwe lewe in Hom word deur die werk van die Heilige Gees in ons tot stand gebring. Hy laat ons in navolging van Christus leef. Hy bring ons wil in ooreenstemming met dit wat God wil. Hy gee vir ons 'n hart waarin die Wet van God as reël vir ons lewe gegraveer is.

Die resultaat van die verlossing is 'n heeltemal andersgesinde mens - 'n mens wie se lewe gerig is op die eer van God.

Daarom is dit ons opdrag om die verlossing in ons lewe toe te pas. Ons moet die heil (die verlossing) verwerk en in ons lewe laat deurwerk. As ons bely dat ons verlos is, moet ons soos verlostes leef. Dit is: In heilige eerbied en ontsag voor die Here. Ons moet sy doel met ons verlossing altyd in gedagte hou naamlik dat ons Hom kan dien soos Hy gedien wil wees.

Daarom, u wat in Christus glo; werk vir u 'n lewe in blye gehoorsaamheid aan die Here uit met vrees en bewing. Laat sy Wet die versiering van u doen en late wees.

Sing: Psalm 66:6,7

Ds. P.J.J. van Nieuwenhuizen (Marble Hall)